
# 477 Vervul, o Heer, my hart met stille wyding




Ek sien U, Heer van ewigheid gehuldig, tot in die dood gehoorsaam en geduldig,
o liefde, ek aanskou in al u wonde, die vloek van sonde!

Die Heer doen reg, Hy, Wreker van die kwade, die Heer is goed en skenk ons sy genade;
sy liefde en smart daar aan die kruis bewese, wek heil en vrese.

Dit breek die hoogmoed van my hart en rede, dit buig my neer, maar skenk my daarna vrede;
dit skenk die heil wat my, Gods teënstander, tot vriend verander.

Ek buk in stof; op U, my Rotssteen bou ek; ek sien u bloed en op dié bloed vertrou ek;
ek weet dat U, hoeseer ek U gegrief het, my nogtans liefhet.

O Gees van God, leer U my tog gedurig die Heiland eer met wederliefde vurig;
ontsteek u gloed in my, en maak dit sterker, o Heilbewerker!

U het Uself tot in die dood gegewe, sou ek dan na my eie wil nog lewe!
Sou ek nie, Heer, waar U so swaar moes ly nie, my hart U wy nie!

Johann Crüger (1598-1662) Johann Crüger (1598-1662)